

Middels vir die bestryding van aartappelblaarmyner

Diedrich Visser, LNR-Roodeplaat



Hoewel die inligting oor middels wat geregistreer is vir die bestryding van aartappelblaarmyner en aanbevelings betreffende die gebruik daarvan reeds by 'n vorige geleentheid aan aartappelprodusente deurgegee is, is daar as gevolg van die ernstige bedreiging wat die aartappelblaarmyner steeds vir die aartappelbedryf inhou, besluit om dit weer te publiseer.

Daar is tans vier middels op aartappels geregistreer:

- Handelsnaam (Aktiewe bestanddeel)
- Agrimec (Abamectin)
 - Patron (Cyromazine)
 - Suntap (Cartap Hydrochloride)
 - Tracer (Spinosad)

Die aartappelblaarmyner, *Liriomyza huidobrensis*, is 'n moeilike plaag om te beheer wat soms tot klagtes lei dat die vier genoemde middels nie werk nie. Die verduidelikings wat hiervoor verskaf word is debatteerbaar, maar die mees waarskynlike rede vir hierdie klagtes is dat die middels nie korrek gebruik word nie. Dit is uiters belangrik dat die middels ten alle tye korrek volgens die verskaffer se aanbevelings gebruik moet word, anders is die beheer ondoeltreffend. Verder moet ook in-

gedagte gehou word dat omstandighede vir 'n pes soms so optimaal is dat sy aanteelvermoë die "beheervermoë" van 'n middel ver oorskry, dit wil sê meer individue verskyn in die land as wat deur die middel uitgewis word. In die geval van die blaarmyner gebeur dit gewoonlik wanneer te laat met 'n beheerprogram begin word. Die papies wat onder die plante te lande kom is 'n onophoudelike bron van nuwe vliegies wat bykans onmoontlik is om doeltreffend te beheer.

In die lig van bogenoemde is dit belangrik dat produsente deeglik kennis neem van die volgende en hul aksies daarvolgens rig:

- Beheer is voorkomend – moenie toelaat dat papies binne die land begin vorm nie.

- Begin spuit wanneer die eerste punture op blare waargeneem word.

- Die teiken is die larwe, nie die vlieg nie (vliegietalle word aanhoudend aangevul).

- Die meeste insekdoders werk swak by 'n hoë pH – gebruik dus 'n buffer.

- Die meeste middels teen ander plae beheer nie aartappelblaarmyner nie.

- Wanneer plante begin "afgaan" moet blaarmyner alreeds onder beheer wees, want die meeste middels werk teen hierdie tyd swakker (plante neem middels swakker op).

- Al vier middels is sistemies of lokaal-sistemies en is dus primêr geformuleer om larwes binne blare dood te maak.

- Gebruik blokbespuitings. Begin byvoorbeeld met Agrimec elke week vir twee tot drie weke, gevolg

deur twee of drie spuitings met een van die ander, ens. Omdat al vier middels deur die plant opgeneem word, is die effek van opeenvolgende spuitings kumulatief en hul werking dus beter in blokbespuitings.

AGRIMEC

Belangrike punte om aan aandag te skenk om die effektiwiteit van Agrimec te verseker:

Agrimec is translaminêr of lokaal-sistemies. Dit beteken dit sal die blaar binnedring daar waar dit land. Begin altyd die seisoen met Agrimec, want opname van hierdie middel is meer effektief op jonger plante. Gooi altyd 'n olie (soos per etiket) by – sonder olie word bittermin Agrimec in die plant opgeneem. Die voorgeskrewe hoeveelheid olie en Agrimec moet eers in 'n kleiner houer gemeng word voordat dit in die spuittenk by die water gegooi word. Moet niks anders (behalwe die olie) saam met Agrimec meng nie. Agrimec maak slegs larwes binne die blare dood en die effek is onmiddellik. Agrimec sal ook aartappelmot onderdruk.

PATRON

Belangrike punte om aan aandag te skenk om die effektiwiteit van Patron te verseker:

Patron is vol-sistemies en sal na ander dele opwaarts in 'n plant versprei. Omdat plantsap maksimaal tydens blom beweeg, word dit vir hierdie tyd aanbeveel. Enige ander tyd voor blom sal ook werk, maar dit moet verkieslik nie gebruik word wanneer plante begin afgaan nie – sapvloeï verminder dan en effektiwiteit neem af. Patron werk in op die groeiaktiwiteit van die larwes eers nadat hulle genoeg ak-

tiewe bestanddeel ingekry het. Dit neem dus soms effens langer vir hierdie middel om te werk. Larwes word soms eers gedood nadat hulle 'n ent verder gegroei het. Dit kan dus soms voorkom of die middel nie werk nie, maar die larwe sal doodgaan voordat 'n papie gevorm word. Patron maak slegs larwes binne blare dood. Die effek is nie altyd onmiddellik nie. Patron sal nie aartappelmot beheer nie.

SUNTAP

Belangrike punte om aan aandag te skenk om die effektiwiteit van Suntap te verseker:

Suntap is die enigste van die vier middels met sistemiese- en kontakwerking. Suntap kan dus op enige stadium gespruit word. Suntap is ook die enigste van die vier middels wat die vliegies doeltreffend doodmaak. Die teiken is egter die larwes, want om die vliegie dood te maak word die lewensketting nie gebreek nie. Suntap maak larwes en vliegies dood en die effek is onmiddellik. Suntap sal ook aartappelmot beheer.

TRACER

Belangrike punte om aan aandag te skenk om die effektiwiteit van Tracer te verseker:

Tracer is 'n translaminêre of lokaal-sistemiese middel en werk hoofsaaklik deur middel van 'n maa-gaksie. Volgens die literatuur is dit relatief sag teenoor natuurlike vyande. Tracer sal volwasse vliegies onderdruk, maar maak hoofsaaklik larwes binne blare dood. Die effek is onmiddellik. Tracer sal ook aartappelmot beheer.

ANDER MIDDELS

Ander middels wat ook op aartappels teen ander



Dié blare toon die verwoestende skade wat die aartappelblaarmyner in die Sandveld aangerig het.

plae geregistreer is, en wat ook die blaarmyner sal onderdruk (soos gevind in laboratoriumtoetse), sluit in:

- Hunter (teen mot)
- Vydate (teen nematodes)
- Selecron (teen mot)
- Steward (teen mot)

Hierdie middels het nog net in die laboratorium op tamatieplantjies (100% benatting) bewys dat dit goed teen die blaarmyner werk. Situasies op die land mag egter verskil. Indien die blaarmyner baie erg is, en mot moet ook beheer word, moet met hierdie middels teen mot

gespruit word. Dit sal die beheer van blaarmyner deur die vier geregi-streerde middels aanhelp. Let op - drie van die vier middels teen blaarmyner sal ook aartappelmot beheer. Daar is dus nie 'n nodigheid om twee aparte spuitprogramme vir die mot en blaarmyner te gebruik nie. Vir die mot moet daar egter tot aan die einde gespruit word om die eerste instar larwes wat op die grond rondbeweeg (op soek na kos) en wat knolle onder die grond kan bereik, te dood.